Jesus is ons Here

# In ons plek

## Bybelteks

*Jesus het self die kruis gedra, en het uitgegaan na die sogenaamde 'Kopbeenplek', in Hebreeus Golgota genoem. Daar het hulle Hom gekruisig, en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, met Jesus in die middel. Pilatus het ook 'n kennisgewing laat skryf en dit aan die kruis vasgeheg. Daarop het geskryf gestaan: "Jesus, die Nasarener, die koning van die Jode." Toe die soldate Jesus gekruisig het, het hulle sy bokleed geneem en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel, en so ook sy onderkleed ... Hierna het Jesus ... gesê: "Ek is dors." Daar het 'n kruik vol suur wyn gestaan. Hulle sit toe 'n spons vol suur wyn op 'n marjoleintak en bring dit na sy mond. Toe Jesus die suur wyn geneem het, sê Hy: "Dit is volbring!" En Hy het sy kop vooroor gebuig en sy gees oorgegee.*

**– Johannes 19:17-19, 23, 28-30**

## Kernwaarheid

**Jesus het in ons plek aan die kruis gesterf vir ons verlossing.**

### WELKOM

- Waarvoor is kruise gebruik in die tyd toe Jesus op aarde was?

- Waaraan herinner 'n kruis ons as Christene vandag?

### WONDER

- Waarom dink jy is Jesus gekruisig?

- Hoe dink jy het Jesus se volgelinge gevoel toe Jesus aan die kruis gehang is?

- Wat beteken dit vir jou dat Jesus vir jou aan die kruis gesterf het?

## WEES

Kyk na die kruis wat jy gemaak het en onthou dat Jesus ook vir jóú aan die kruis gesterf het.

## WEGSTUUR

Kyk of jy die eerste vier artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis by die huis vir jouself kan opsê.